Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

23 Augustus 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Aileen Gouws – 082 333 1333
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK B***

Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid (diakonie rekening)**

Kollekte by DEURE: **Teologiese Studentekas (kerkkas rekening)**

YouTube- Erediens
Gratis kyk geleentheid

Sondae om 9:00 -10:00

WiFi-data is beskikbaar gestel sodat elkeen ons kerk se YouTube-Erediens kan kyk. Gebruik die wagwoord op jou slimfoon in die kerk se Faickney str. parkeerterrein. Respekteer asb die grendelreëls!

WiFi wagwoord:	*Kontak Anton vir bystand:*
gk123456	082 571 3365

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.)

EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES

Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid

SNAPSCAN SLEGS VIR KOLLEKTES

Woordbediening

TEMA
Geloofsgroei tot geloofs-volwassenheid

Skriflesing: 1 Pet. 2:1-3, 1 Kor. 3:1-3, Heb. 5:11-6:1a (83 AV)
Fokusverse: 1 Pet. 2:2-3 (53 AV)

Inleiding:

1. Vandag gaan God met ons praat oor die noodsaaklikheid van geloofsgroei.
2. Geloofsgroei is God se werk. (1 Kor. 3:6-7)
3. Maar ons het ook 'n medeverantwoordelikheid om te groei tot geloofsvolwassenheid. (1 Pet. 2:2, 1 Tim. 4:7)

A:

1. Petrus skryf hierdie eerste brief van hom aan mense wat as vreemdelinge en bywoners verspreid gewoon het in Klein-Asië. (1 Pet. 1:1)
2. 'n Wonderwerk het in hierdie mense se lewens gebeur het – hulle is weergebore! (1 Pet. 1:3&23)
3. Wanneer iemand pas weergebore is, en werklik Jesus vir die eerste keer in die geloof omhels het, dan is daardie persoon in die geloof nog soos 'n pasgebore babatjie.
4. Dit is steeds God wat so 'n persoon geestelik laat groei... maar ons moet die regte atmosfeer vir groei skep, en die regte middele vir daardie persoon of kind gee vir groei...
5. So groei 'n geestelike baba uiteindelik op tot 'n kleuter in die geloof.
6. Soos hulle groei in die geloof word hulle gelukkig later tieners in die geloof.
7. Die hartseer feit dat party mense, baie jare nadat hulle tot geloof gekom het, steeds tieners, of kleuters, en selfs babas in die geloof kan wees! (1 Kor. 3:2-3, Heb. 5:12)
8. Hoe kan ons verhoed dat ons vir jare stilstaan in die geloof, en nie groei nie, of nog erger... agteruitgaan in die geloof?
   a. 1 Pet. 1:2-3: *Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. Julle het immers ondervind dat die Here goed is.*

9. Die noodsaaklikheid van die Woord as ons wil groei van babatjies in die geloof na volwassenes in die geloof! (1 Pet 2:2, 1 Kor. 3:1-3, Heb. 5:11-14)
10. Praktiese maniere hoe ons ons Bybeliname kan verbeter vir geloofsgroei.
11. As jy gedissiplineerd gebruik maak van die wonderlike genademiddel van God se Woord, en die Gees werk kragtig in jou, dan beloof God geloofsgroei wat uiteindelik op geloofsvolwassenheid uitloop! (Rom. 8:29, Jak. 1:4, Fil. 3:10-15, Kol. 4:12)
12. Hoe lyk iemand wat geestelik volwasse is?

Slot: Samevattend.

Jy kan vir die volgende bid en hulle ondersteun:

- ♥ Ons dink steeds aan Pieter Heunis en Janneke Schrap
- ♥ Sandra v/d Sandt het 'n nood oogoperasie ondergaan
- ♥ Freda Redelinghuys se ma ook Vrydag weer 'n spesialis gesien
- ♥ Johanna v/d Walt wat positief getoets het vir Covid
- ♥ Martie Hamman is ook baie siek. Ons dink aan haar.

VERJAARSDAE

Verjaar				Landlyn	Selfoon
08/23	Pieter	Classen	Belydend	0169765151	0768183168
08/24	Kobus	Kruger	Belydend	0169731895	0837645396
08/24	Rouvé	Van Der Sandt	Doop		0810243572 (Celeste)
08/25	Doepie	Jansen Van Vuuren	Belydend	0798402070	0835562257
08/25	Angie	Van Der Spuy	Belydend	0169731992	0815504276
08/26	Poppie	Reimers	Belydend	0169762336	0828968312
08/26	Hester-Elize	Van Dyk	Doop	0169736118	

VERGADERINGS

Ons gaan weer voort met ons fisiese vergaderings van volgende week af as volg:
24/8/2020 – OBR (Omgeebedieningsraad)
26/8/2020 – UBR (Uitreikbedieningsraad)
27/8/2020 – GBR (Groepebedieningsraad)
31/8/2020 – EBR (Erediensbedieningsraad)
02/9/2020 – ABR (Adminbedieningsraad)
07/9/2020 - Ouderlingvergadering

LIEFDEVOLLE VERHOUDINGE

Here, maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde bring.
Waar daar oortredings is, vergifnis, waar daar twyfel is, geloof,
Waar daar duisternis is, lig,
Waar daar droefheid is, vreugde.
O, Heilige Meester, gee dat ek, in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;
Om begrip te soek, andere sal verstaan;
Om liefde te soek, andere sal bemin.
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;
Deur te vergewe, dat ek vergewe word.
En dit is deur te sterwe, dat ek die ewige lewe beërwe.

KINDERKERK: Die Onse Vader uit die Bybel vir Almal:

Matteus 6:9-13

9 Julle moet só bid: "Ons Vader wat in die hemel is, ons bid dat al die
mense U heilige Naam sal eer omdat U God is. 10 Ons bid dat die tyd
moet kom wanneer almal sal weet U is Koning. Ons bid dat al die
mense op die aarde sal doen wat U wil hê hulle moet doen, soos die
engele in die hemel dit doen. 11 Gee vir ons vandag die kos wat ons
vandag nodig het. 12 En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen
het teen U, soos ons ook ander mense vergewe wat verkeerd gedoen
het teen ons. 13 En help ons dat niks sal gebeur wat ons sal laat
sonde doen nie, maar beskerm ons teen die duiwel.

Rom 11:36

Die Here het alles en almal gemaak, alles en almal kom van Hom, en
alles en almal moet Hom dien. Daarom moet ons die Here altyd prys.
Amen.